# REDAKSIONEEL

## Uitgawe Nr. 39

Dit spyt die redaksie en drukkers dat enkele kopieë van nr. 39 (September 1976) per abuis deurmekaar gebind is sodat dit selfs onvolledig was. Die fout was sigbaar op bladsye 13, 17, 28, 40 ens. Indien u oor so 'n deurmekaar-eksemplaar beskik, geliewe dit aan die administrasie te stuur en dit sal met 'n behoorlik gebinde eksemplaar vervang word.

Op bladsy 8 reël 16 in die artikel van prof. A. H. Murray kom per abuis die datum 1576 voor wat 1572 moet lees. Ons dank prof. Murray dat hy ons daarop attent gemaak het en stem volkome saam wanneer hy skrywe: „Die geskiedenis waaroor dit gaan is, soos ek tot my koste weet, heel onbekend in hierdie land, en meer nog: daar is min of nooit oor hierdie probleme gedink nie".

Ons vertrou dat die artikel van prof. Murray ons denke oor die kerklike en politieke situasie sal stimuleer. Daar is in die verlede verkeerdelik geopereer met die idee van „outonomie" (selfwet-wees) van die plaaslike kerk. Dit neem egter nie weg dat die plaaslike kerk net 'n suiwer uitdrukking van die universele kerk kan wees indien dit *vry* is. Vryheid kan slegs bestaan indien die regssoewereiniteit van die plaaslike kerk volkome gehandhaaf bly. Te veel word hierdie regssoewereiniteit opgehef met beroepe op „kerkverband", „kerkeenheid" ens. Die imperium (bevel) van die „geheel" (vgl. begrippe soos „hele kerk", „algemene kerk", „sinode" ens.) dreig altyd om die vryheid van die mindere kerke op te hef.

Op politieke gebied dreig die imperium van rassemeerderheid (meerderheidsregering gebaseer op ras) om die regssoewereiniteit van die blanke minderheid in SWA en Rhodesië weg te neem. Dit is ten diepste 'n aanslag op vryheid soos die Franse Koning met die St. Bartholomeusnag op die vryheid van die Hugenote gedoen het.

## Die Sendingkonferensie van die GES

In hierdie uitgawe verskyn 'n artikel van prof. L. J. Botha waarin hy sy indrukke oor die sendingkonferensie tydens die GES voor die GTV van Pretoria weergee. Hierdie bydrae word besonder waardeer omdat dit 'n belangrike gebeurtenis binne gereformeerde geledere krities begelei. Ons vertrou dat ons in die volgende uitgawe 'n soortgelyke bydrae van dr. C. J. Malan oor die teologiese konferensie sal kan plaas. B. S.